*Redakteur* / **Editor**
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Subredakteur* / **Sub-editor**
Janine de Villiers
Tel: (021) 483-2234

*Grafiese Ontwerper* / *Fotograaf*
**Graphic Designer** / **Photographer**
Monica Wagner

*Administrasie en Advertensies*
**Administration and Advertising**
Hennelie de Klerk

*Tel: (021) 483-2483*
*Faks* / **Fax**: (021) 419-7541
*Webtuiste* / **Web site**
www.westerncape.gov.za/library
*E-pos* / **E-mail**
capelib@pawc.wcape.gov.za
grizell@iafrica.com

*Adres* / **Address**
Posbus 2108 Kaapstad, 8000
PO Box 2108 Cape Town, 8000

*Geïndekseer in* / **Indexed in** LISA
(Library and Information Science Abstracts)
© Biblioteekdiens © Library Service
SA ISSN 0 008 5790

*Reproduksie* / **Reproduction**
Fotoplate (Pty) Ltd
Nyman Street, Maitland 7405

*Drukker* / **Printer**
Mills Litho
11th Avenue, Maitland 7405

*Omslagontwerp* / **Cover design**
Craig Cockcroft
Jack Russell Design

### *Redaksionele beleid*

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

### *Editorial policy*

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

# REDAKSIONEEL
# EDITORIAL



*Sjjjjjjj…t! Ek wil jou 'n geheim vertel… As jy gedink het die openbare biblioteek is 'n stil, vervelige plek maak jy 'n fout. Jy kry boeke, CD's, tydskrifte, koerante en 'n lewendige gemeenskapsgees. En, dis alles heeltemal gratis! Dis jou reg om te lees! Kom ontdek 'n wêreld van inligting, verhale en vermaak…vandag nog in jou naaste biblioteek..!*

…'n uittreksel van die radioklingel wat verskeie kere per dag gedurende die week van 17-22 Maart as deel van die Biblioteekweekprojek uitgesaai is. 'n Radioprojek, tesame met 'n behoorlike 'verkiesingsveldtog' ondersteun deur plakkate met die leuse, *Jou reg om te lees*, op lamppale dwarsoor die Wes-Kaap, was vir die eerste keer deel van die Biblioteekdiens se aktiwiteite om Biblioteekweek te bemark. 'n Uitnodiging is aan oud en jonk gerig om gebruik te maak van die gratis dienste van openbare biblioteke en die vooruitsig om deel te word van die wonderwêreld van boeke en kennis.

Te midde van Mont Blanc wynspatsels, 'n ses voet hoë opgestopte rot, stukke appelstronke en baie lae stof staan 'n groot tafel waarop die uiters talentvolle skrywer, Philip Pullman sy bekroonde pryswenner boeke skryf. Geniet u besoek saam met Carina Diedericks-Hugo aan dié skrywer se afgeleefde tuinhut in 'n Oxfordtuin. 'Steeds in *Boekwêreld* het ons 'n uitgebreide boeklys ter ondersteuning van Erich Buchhaus se artikel waarin hy aan lesers 'n kykie gee na een van die snelgroeiendste godsdienste in die nuwe millennium.

Die volgehoue belangstelling in die Tweede Wêreldoorlog word beklemtoon in Freddy Ogterop se bespreking van die talle video's beskikbaar oor hierdie onderwerp. Met die 60ste herdenking van hierdie oorlog nog twee jaar in die toekoms, is dit duidelik dat dié onderwerp reeds tot die produksie van talle dokumentêre video's en films gelei het.

In sy geheel, 'n uitgawe propvol interessante artikels wat ek vertrou ons lesers sal geniet - en onthou net - 23 April is Wêreld Boekdag - hou die pers dop vir meer besonderhede.

*Shhhh…! I want to tell you a secret… If you thought a public library was a quiet dull place, you're wrong. You get books, videos, CDs, magazines and newspapers and a vibrant community spirit - and it's all for free. It's your right to read, so come and discover a world of information, stories and entertainment…in your nearest public library today…*

…an excerpt from the radio jingle that was flighted several times during the week of 17-22 March for this year's Library Week celebrations. An 'election campaign', complete with posters on numerous lampposts sporting the slogan, *Your right to read*, right across the Western Cape supported by an intensive radio campaign was a first for the Library Service in its efforts to promote the free use of libraries and to extend an invitation to all, young or old, to enter the wonderful world of books and knowledge.

Carina Diedericks-Hugo takes readers on an interesting visit to a shabby little shed in an Oxford garden. Splashes of Mont Blanc wine, a six foot stuffed rat, apple cores and several layers of dust all but obscure a large table at which the controversial and most talented author Philip Pullman writes his award-winning books. Also featured in *Bookworld* this month is Erich Buchhaus who takes a look at one of the fastest-growing religions in the new millennium. Complete with a booklist this will provide interesting food for thought.

The ongoing interest in the Second World War is highlighted in an in-depth discussion by Freddy Ogterop of the countless videos available on the subject. Although the 60th anniversary of the end of this war will only be in two year's time, it is obviously an anniversary that in advance has produced a proliferation of documentaries and films for the enthusiasts.

Altogether an issue packed with interesting features - I trust that you will enjoy it - and don't forget, 23 April is World Book Day - watch the press for details.

*Grizéll Azar-Luxton*